**27 Mei**

Skrifgedeelte: Psalm 76

# Die almagtige God is altyd daar vir sy kinders

In hierdie Psalm besing die psalmdigter God se grootheid en almag. In verse 1-3 lees ons dat God se Naam groot in Israel was en dat Hy naby sy volk gewoon het. God is vandag nog ’n God wat by ons is, sy Gees woon immers in ons! In verse 4-10 beskryf die psalmdigter God se glorieryke krag. God beskerm sy volk en niemand kan teen Hom stand hou nie. God bring keer op keer verlossing aan Israel wanneer die vyande om hulle laer trek. Die aarde word stil en vrees God wanneer Hy sy oordeel fel. Hierdie almagtige God van Israel is ook ons God, wat reeds ons grootste vyand met die kruisdood van Christus oorwin het. In vers 11 lees ons dat selfs die woede van die mens God se lof dien. Is dit moontlik? Ja, dit is! Hoe meer die mense van die wêreld met woede teen God en sy kinders optree, hoe meer vind God se kinders hulle rus, kalmte en toevlug in Hom, met die wete dat niks en niemand teen God kan standhou nie! So lei die woede van die mens tot lof vir God. Die mens se woede kan nie teen God stand hou nie, elke knie sal immers eendag voor Hom buig as Hy kom as Regter en Redder. Omdat God so almagtig en getrou is, kan ons die oproep van vers 12 nakom en dankoffers aan die Here bring – nie omdat ons moet nie, maar omdat ons wil! God is verhewe bo alle aardse mag en gesag en intiem betrokke by die lewens van sy kinders. Vertrou op God wanneer dit voel asof die vyandige aanslae van die wêreld en die duiwel te sterk raak: Op ons eie kan ons nie stand hou nie. Ons hoef ook nie. God is altyd daar vir ons. God wat almagtig is en hoër is as alle aardse mag en gesag. God is die Redder van sy kinders – hHou aan Hom vas!

Sing: Psalm 76

Teologiese Student GP van Rhyn